

N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 38

19 September 2021



WAARHEID

is nog steeds die waarheid – en dit maak saak

(2)

Wat is waarheid?

“Jesus het vir hom gesê:”Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. As julle My ken, sal julle My Vader ook ken.” (Joh 14:6-7) Ons sien dat die waarheid nie ‘n konsep of mening is nie, maar ‘n Persoon, naamlik Christus Jesus. Hy het gekom om sondige, verlore mense te red en te nooi om in verhouding met Hom te lewe. Hy het gelewe soos die bedoeling vir ons was om te lewe. Hy het die waarheid sonder kompromie duidelik uitgebeeld en was altyd gehoorsaam aan Sy Vader. Deur Sy dood en opstanding het Hy elke skeiding en krag wat mense kan bind en verhinder om in verhouding met God te kan leef, vernietig. Die enigste manier om waarheid te ontdek, is deur ons lewens totaal aan Jesus oor te gee en deur Sy genade Sy lewe na te volg. Om waarheid te aanvaar, is om Jesus te aanvaar, maar deur waarheid te verwerp, verwerp jy ‘n Persoon, Jesus – Hy is waarheid!

Wat doen waarheid?

“...en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.” (Joh 8:32) Die enigste manier hoe ons die waarheid teenoor die leuen kan uitken, is deur die vrug daarvan. Die waarheid maak vry en die leuen bind ‘n mens. Vryheid oor innerlike storms, menings, vrese en sonde beteken dat die houvas van hierdie kragte stelselmatig hul mag en invloed begin verloor soos die waarheid in ons lewens gevestig word. Dit is nie ‘n kitsoplossing nie, maar eerder ‘n daaglikse inkeer en oorgee aan Jesus wat as Here in ons lewens begin heers.

Waar vind ons waarheid?

“Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees.”(Joh 8:36)

a) Jesus is waarheid

Slegs wanneer Hy Sy regmatige plek van heerskappy in ons lewens inneem, begin ons Sy ware standvastige vryheid beleef. Sy heerskappy maak ons vry!

b) Jesus gebruik ouers

“Gee leiding aan ‘n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie.”(Spr 22:6) God gebruik ouers om kinders in Sy waarheid groot te maak.

c) Die plaaslike kerk en sy leierskap

Ef 4, Heb 13:17 en ander gedeeltes verwys na die verantwoordelikheid wat op God se Kerk en Sy leiers rus om die vrymakende Evangelie van waarheid aan mense te verkondig en hulle verantwoordelik te hou.

Deur dissipelskap

Volgens Matt 28:19 gee Jesus Sy volgelinge opdrag om meer dissipels te maak en hulle te leer om die evangelie van waarheid te gehoorsaam. **(Vervolg)**

Dankie!

- Vir die vryheid wat ons verkry het in en deur Jesus Christus!
- Vir God se Groot, Groot genade en liefde!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir die gemeente bedieninge.
- Vir álmal wat covid het in ons land, maar ook in ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir Sy genade en ontferming oor ons in SA. Dat SA sal terugdraai na God met hulle hele hart!
- Vir die genesing en herstel van ons land.
- Vir die jeug in ons land, gemeenskap en gemeente.
- Vir die onderwys sisteem en alles wat daarmee verband hou.
- Vir die matrieks wat met eksamen begin het.
- Vir die situasie in Afghanistan, vir die mense en ook die Christene.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Magriet du Plooy –vir volkome genesing. Vir nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Thea Bosman – vir volkome genesing.
- Karina van den Berg – vir volkome genesing. Sy het kanker.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – sy het kanker. Vir volkome genesing.
- Martin Kleinhans - Vir spoedige en volkome herstel.
- Johan Kotze – vir volkome herstel en genesing.
- Basie Roux – vir volkome genesing.
- Carina Haasbroek – vir volkome genesing.
- Christa de Swart – vir volkome genesing.

Gedagte vir die week:

Waar waarheid is, daar is God
-Miguel de Cervantes-

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor.
N.G.Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org